# M. W. PRETORIUS IN DIE TRONK

deur

DR. T. A. DU PLESSIS

MARTHINUS WESSEL PRETORIUS, die eerste president van die Suid-Afrikaanse Republiek en die stigter van Pretoria, is oor die algemeen nog nie so goed by ons bekend nie. Tog het hy 'n kleurryke openbare loopbaan gehad wat hom in meer as een opsig onderskei van sy tydgenote. So was hy bv. die enigste persoon wat dit sover gebring het dat hy president van albei die Boererepublieke (die Z.A.R. en die Oranje-Vrystaat) was, wel 'n bewys van die groot vertroue en invloed waaroor hy in sy tyd beskik het. Daar is ook nie een van sy kollegas wat, soos hy, die eervolle onderskeiding geniet het dat hy in diens van sy volk in die tronk beland het nie! Ons verwys hier natuurlik na sy inhegtenisneming, nadat hy as voorsitter die besluite van die volksvergadering op Wonderfontein in Desember 1879 onderteken en aan sir Garnet Wolseley gestuur het. Hierdie voorval het indertyd groot opskudding onder die Boere in Transvaal verwek en geweld is alleen afgeweer deur die invloed van Paul Kruger en van Pretorius self, wat vanuit die tronk 'n beroep op sy mense gedoen het om van hulle voorgenome plan af te sien.

Hoe sy brief vanuit die tronk op Potchefstroom in die besit van die Boere gekom het, is in 1944 aan skrywer hiervan persoonlik meegedeel deur mev. C. M. Botha (geb. van Graan,) wat as jong dogter 9 jaar lank by M. W. Pretorius en sy vrou ingewoon het. Wyle mev. Botha was in 1944 reeds 'n ou moeder van 81 jaar, maar haar stralende donkerbruin oë het nog 'n gevoel van opwinding verraai, toe sy daardie gebeurtenis van vervloë dae weer in herinnering geroep het. Dit was duidelik dat daardie insident 'n onuitwisbare indruk op die jeugdige gemoed van die 16-jarige dogter gemaak het. Selfs die gevoel van onrus wat sy in daardie dae van spanning moes deurmaak, het weer na vore getree. Ek hoor haar nou nog vra: „My kind, sal ek nie in moeilikheid kom, as ek jou hierdie dinge vertel nie?" (Die tweede wêreldoorlog was toe nog aan die gang!) Ek het haar gerusgestel, my skryfgereedskap tevoorskyn gehaal en hier volg nou wat sy my daardie dag vertel het.

„Toe die Engelse in besit van die land was, het daar baie praatjies rondgegaan dat hulle al die voormanne van die Boere gaan vang. 'n Hele paar van die leiers op Potchefstroom het ook werklik gevlug. Piet Bezuidenhout (Bontperd) het nooit een nag in sy huis geslaap nie. M. W. Pretorius het nooit gepraat van vlug nie en stil en rustig by sy huis gebly. Die Engelse troepe met hulle rooi baadjies en wit helmets was gestasioneer by die fort, naby die tronk. Die storie was dat die voormanne se koppe afgekap sou word.

„Op Maandagmôre vroeg het ek wakker geword van 'n geklop aan die voordeur. Dit was nog donker buite, omtrent vyfuur. Ek het haastig opgespring en by my kamerdeur uitgekyk. My kamer was op linkerhand, as 'n mens by die voordeur inkom. Oom Martiens was toe net besig om die agterste deur van die voorhuis oop te maak. (Hulle het eers voor en toe agter geklop). Een van die twee persone sit toe sy hand op oom Martiens se skouer en sê: ‚Jy is my prisonier' en trek hom toe aan sy arm by die deur uit. Pretorius was toe nog in sy slaapklere. Oom Martiens het niks gepraat nie en maar saam uitgegaan. Ek het dadelik ook na die deur toe gegaan. Ek was self verskrik en nog half deur die slaap en het ook niks gesê nie. Oom Martiens het hulle toe daarop gewys dat hy nie aangetrek is nie. Hulle laat hom toe weer in die huis kom en daarop vra hy my om sy klere te gaan haal.

„Toe ek in die kamer kom, vra tante my: ‚Wat wil hulle nou met jou oom maak?' Ek antwoord toe: ‚Dit lyk my hulle het oom kom haal, want Stuart is hier en nog 'n ander man.' Sy sê toe: ‚Die vervlakste boggel, is hy ook hier.' Sy was gepla met hartkloppings en kon nie gou genoeg opstaan en aantrek nie. Ek het toe oom Martiens se klere na die voorhuis geneem en daar het hy aangetrek. Ek het hom nog gehelp. Toe hy klaar aangetrek was, sê hy aan my: ‚Gee my hoed en my kierie.' Nadat ek dit aan hom gegee het, is hulle weer by dieselfde deur uit, oom Martiens tussen die twee wat hom kom haal het, en ek het kort agter hulle geloop. Ons is toe by die agterste stoep af, links om die huis en by die voorstoep om na die voorste hekkie toe. Daar het 'n ‚spider' gewag. Oom Martiens het my toe gegroet met die woorde: ‚Kyk goed na jou tante.' Ek is toe weer terug huis toe.

„Ek het die jong, September, gaan wakker maak en hom te perd gestuur met 'n briefie aan my broer Daan van Graan op Witstinkhoutboom. My broer het vir Piet Bezuidenhout hiervan kennis gegee en vroeg die dag het burgers te perd by die huis aangekom. Hulle was almal gewapen en baie opgewonde. Daar was allerhande gerugte dat oom Martiens onthoof sou word op Kimberley en dat Morkel wat destyds die poskoets na Kimberley gery het, reeds met hom op pad was.

„Maandagaand het ek toe vir my broer Daan gesê dat ek Dinsdag gaan kyk of oom Martiens regtig in die tronk was. Ewe parmantig het hy vir my gesê: ‚Jy sal nie onder die Engelse gaan rondloop nie.' Daardie nag het ek planne uitgedink en Dinsdagmôre het ek 'n paar skoon sokkies, 'n sakdoek, 'n keteltjie met koffie, 'n koppie en 'n piering geneem en nadat ek my plan aan tante meegedeel het, is ek dorp toe. Ons meidjie, Karlien, het vir my die goed gedra. Ek is toe reguit na die landdroskantoor en het vir landdros Goetz 'n permit gevra om na die tronk te gaan. Dit het hy kortaf geweier. Ek sê toe net vir hom ‚dankie', en stap daarvandaan reguit tronk toe.

„Die tronk het 'n steenringmuur om gehad. Weerskante van die straat was baie Engelse troepe wat oral rondgestaan en -gesit het. Hulle het my nie gemolesteer nie. By die hekkie van die ringmuur het twee soldate-wagte gestaan. Sonder dat ek 'n woord praat, maak hulle die hekkie vir my oop en laat my en Karlien binnegaan. Aan die binnekant staan toe aan elke kant van die paadjie na die deur van die tronk Engelse troepe met hulle geweers gekruis, sodat ek moes buk om tussen hulle deur te gaan, gevolg deur Karlien. Terwyl ek so aanstap, sien ek oom Martiens voor 'n groot oop venster sit, met sy hoed op. Ek draai toe uit na die venster en sê hom môre. Hy vra my toe: ‚My kind, waar gaan jy heen?' Ek sê toe: ‚Ek kom kyk waar oom is.' Ek sê toe net vir die meidjie ‚kom' en ons klim deur die venster. Intussen het oom Martiens nog na die sipier geroep, maar toe hy daar kom, was ons al in. Die sipier het nie 'n woord gepraat nie en weer uitgegaan. Oom Martiens het toe die koffie gedrink en ek het vir hom die skoon sokkies aangetrek. Ek was ook maar haastig om die goeie nuus te gaan wegbring en toe ek oom groet, vra hy my: ‚My kind, wanneer kom jy weer?' Ek sê toe dat ek Woensdag weer sou kom. Hy sê toe vir my om vir Daan te sê dat die burgers moes weggaan uit die dorp. Ek en Karlien is toe weer deur die venster en weer langs dieselfde pad terug, sonder moeïlikheid.

„By die huis het ek toe my ondervinding vertel. Woensdagmôre het ek weer gegaan, hierdie keer alleen. Die wagte het my weer sonder praat laat deurgaan. Hierdie keer het ek egter by die deur ingegaan. Ek was toe al 'n bietjie bekend met die omgewing. Ek vra toe vir oom Martiens of hy dan nie 'n bietjie kon rondloop nie. Hy sê toe dat hulle dit seker nie sou toelaat nie, maar ek moet vir daardie kêrel — die sipier — vra. Ek het toe aan die sipier verduidelik dat oom aan jig in sy bene ly en of hy nie buite tussen die wingerdstokke kon gaan loop nie. Hy sê toe: ‚Ja, maar nie verder nie.'

„Ek en oom het toe so op en af geloop en toe sê oom Martiens vir my: ‚Kyk, as ek jou groet, sal ek 'n brief tussen my vingers hê en dit in jou hand laat val. Dit moet jy aan Daan of Piet (Bezuidenhout) gee.' Toe ek hom dan groet, het ek die opgerolde briefie ontvang, dit nog 'n keer gevou en in my mond gesteek en is so weer met briefie in my mond by die wagte verby. Buite het ek die briefie uitgehaal, maar ek was te eerlik om hom te lees.

„By die huis gekom, staan daar 'n klomp mense en wag vir nuus. Ek het toe die briefie aan Daan gegee. Donderdagmôre het ek weer gegaan, maar toe was daar niemand nie, ook nie wagte nie. Oom Martiens was toe weg na die landdroskantoor. Ek is toe maar weer terug huis toe. Op een of ander manier het ek gehoor dat die Engelse Vrydagmôre

'n groot orkes sou hê om Pretorius se verjaarsdag te vier en dat hy dan kon huis toe gaan.(1) Vrydagmôre is ek na die landdroskantoor toe en sien toe 'n ent daarvandaan, aan die buitekant van die dorp, 'n groot klomp mense bymekaar. Ek is toe daarheen en sien toe die orkesspelers in 'n kring en in die middel sit oom Martiens op 'n stoel. Ek stap toe tussen die mense deur en gaan staan by oom Martiens. Hy het alleen gesit. Nadat die orkes 'n paar geestelike stukke gespeel het, is die klomp mense toe uitmekaar. September was daar met die ‚spider' en oom Martiens is huis toe.

„Daardie aand het 'n paar mense wat hom kom gelukwens het 'n bietjie gedans, maar dit was nie 'n dansparty nie. Hierteen het sommige mense later beswaar gemaak en gesê dit moes nie gewees het nie. Chrissie(2) was ook daar."

(1) Die kundige leser sal opmerk dat die ou moeder hier 'n vergissing begaan. M. W. Pretorius se verjaarsdag was op 17 September. Hy is in hegtenis geneem op 5 Januarie 1880. As kind het die gebeurtenisse self op haar natuurlik 'n blywender indruk gemaak as die datum waarop hulle plaasgevind het. Dit is verstaanbaar en maak haar verhaal des te meer aanneemlik. Dit moet onthou word dat sy hierdie herinneringe meegedeel het 64 jaar na die gebeure.

(2) Chrissie was die dogter en enigste kind van M. W. Pretorius wat opgegroei het. Sy was die moeder van kol. I. J. Meyer van Potchefstroom.

## DIE BESTUUR VAN DIE HISTORIESE GENOOTSKAP

OP 'n vergadering wat op 24 Maart 1956 in Pretoria gehou is, is die volgende persone tot bestuurslede van die *Historiese Genootskap van Suid-Afrika* gekies:

*Voorsitter:*

DR. J. J. VAN TONDER, Posbus 4439, Johannesburg.

*Onder-voorsitter:*

PROF. A. N. PELZER, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

*Sekretaris:*

MNR. D. J. NELL, Posbus 9591, Johannesburg.

*Hulpsekretaris:*

MNR. J. L. DU PLOOY, Eerstestraat 33, Maraisburg.

*Hulppenningmeester:*

MNR. C. J. J. REYNEKE, Posbus 241, Brakpan.

*Bykomstige lede:*

ADV. G. F. DE VOS HUGO, Cameronstraat 446, Bailey's Muckleneuk, Pretoria.

DR. J. S. DU PLESSIS, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom.

MEV. K. ROODT-COETZEE, St. Patricksweg 253, Muckleneuk-Rant, Pretoria.